



# Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

# Kompas



Jaargang 20 no 2  
Februarie 2011

- Vrug van die Gees - Goedheid ..... 2
- Kerknuus ..... 4
- Die berg van God ..... 6
- Die doop se rykdom ons armoede? ..... 8
- "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies..." ..... 10
- Skepping en Evolusie ..... 12
- Sosiale Internet-netwerke ..... 14
- Reaksie: Die VGK en die tweede erediens ..... 17
- Boekenuus ..... 18

## Dinkskrum oor *KOMPAS*

In die begin van Januarie het die redaksie van *Kompas*, 'n paar sub-redakteurs asook 'n verteenwoordiger van die Stigting vir Woord en Wandel, waaronder *Kompas* val, 'n dinkskrum gehou om 'n bietjie beplanning te doen. *Kompas* is 'n instrument wat mense help om die Here te dien. Dit is by uitstek 'n leerinstrument. "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid" (2 Tim. 3:16). In die verlengde daarvan word *Kompas* gesien as 'n rigtingwyser vir die gereformeerde lewe.

Daar is eers verkenning gedoen na die omgewing waarin *Kompas* funksioneer. Dit het nogal verander. Die blad *Waarheid en Dwaling*, wat deur GKSA-gemeentes in die Moot uitgegee was, het opgehou om te bestaan. Die blad *Kerk en Woord* rig die inhoud nou meer op die interne sake van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar. Die *Kerkblad* van die GKSA gaan nog gewoon voort met artikels oor bepaalde onderwerpe. Die onderwerpe wat ter sprake kom, is beperk van aard. *Kompas* is dus een van die twee gereformeerde tydskrifte wat op die Afikaanssprekende gereformeerdes gerig is. Hieruit word dit duidelik dat *Kompas* 'n baie groot verantwoordelikheid in Suid-Afrika het. Tot dusver was *Kompas* grotendeels gerig op lede van die Vrye Gereformeerde Kerke. In enkele gevalle lees gereformeerdes van ander gereformeerde kerke ook *Kompas*. Die vraag is nou of *Kompas* nie 'n breër verantwoordelikheid het sonder om die karakter van die tydskrif te verander nie. Die missie van *Kompas* is soos volg geformuleer: 'n Gereformeerde rigtingwyser vir die gereformeerde lewe. Die doelstellings wat nou in konsep geformuleer is, is:

- \* om die ontwikkeling van die gereformeerde denke en lewe te stimuleer tot die verstaan van die Woord van God;
- \* om die lesers te help om hulle Christelike roeping in kerk en samelewing te vervul;
- \* om oor 'n breë spektrum van onderwerpe te publiseer: bv. kerk, samelewing, onderwys, gesin, medies, etiek, die milieu, ens.

*Kompas* wil graag, wat sy inhoud en rol aanbetref: a] informatief wees (d.w.s. belangrike ontwikkelings aanwys in die kerke en die samelewing in die algemeen en selektief ook internasionale stukke publiseer); b] normatief wees (d.w.s. op basis van die Bybel en die gereformeerde belydenis leiding gee); en c] aktiverend wees (d.w.s. gereformeerde denke en aksie aanmoedig deur gereformeerde skrywers te betrek by die tydskrif en deur lesers op te bou in die allerheiligste geloof).

Bogenoemde is belangrike kriteria waaraan *Kompas* geëvalueer moet word. Ek wil graag vir u as lesers uitnooi om saam te dink oor die taak van *Kompas*. U sal ons sodoende baie help met ons taak as redaksie. Stuur gerus 'n briefie (kompas@vgk.org.za) of maak 'n telefoonoproep (012 329 0323).

Prof Hans Boon, hoofredakteur

# VRUG van die GEES - GOEDHEID

## Uit die Bybel

### **Wat is dit?**

Na die deug 'vriendelikheid' noem Paulus die deug 'goedheid'. Wat is die verskil tussen die twee? Dalk benadruk die woord 'vriendelikheid' meer 'n gesindheid: dat jy werklik belangstelling vir ander het, dat jy sensitief teenoor hul situasie, gevoelens en behoeftes is en dat jy daarmee rekening hou. 'Goedheid' benadruk dan meer die aksie self as gevolg van daardie gesindheid. Goedheid is vriendelikheid in aksie, omgesit in woorde en daede. Jy doen bewus iets wat nuttig en heilsaam vir ander is.

Van Jesus Christus word gesê dat Hy die land deurgegaan en goed gedoen het (Hand 10:38). Sy bediening word daar met die woorde "goed doen" getipeer. Hy het in woord en daad gewys dat Hy die heil van ander gesoek het. Begeer jy om ook daarin soos Christus te lyk? Die Gees wil daardie deug in jou bewerk. Hy wil jou ook daarin steeds meer en meer na Christus se beeld vernuwe.

Om goed te wees, moet iets God se goedkeuring wegdra. Dinge rondom jou, dit wat jy sê of doen staan nooit op sy eie nie. Alles staan in verband met God. Sy oordeel bepaal of iets goed of sleg is. Om goed te wees, moet dit volgens God se plan wees en tot sy eer. Dan moet dit gerig wees op God se uiteindelijke doel met hierdie wêreld, naamlik dat God alles in almal sal wees. En omdat daardie doel net deur Jesus Christus bereik kan word, kan dinge nie goed wees buite Jesus Christus nie. Die deug goedheid staan nooit los van die werk van

God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees nie. Eers as erkenning daaraan gegee word, sal dit goed in God se oë wees en die ewige heil van die naaste dien.

Goedheid hang nou saam met God se verlossingswerk. Streng gesproke moet die goeie ander mense na die ware heil lei. Dit moet ware redding beoog. Die goeie moet mense uiteindelik weer hoop, perspektief bied. Daarom is goed doen nie net 'n kwessie van geld of hulp vir iemand gee nie. Daardie geld en hulp moet in diens staan van 'n groter plan, van God se plan van verlossing. Dit gaan daarvoor dat daardeur geleenthede vir die persoon geskep word om God en sy heil te leer ken. Dink net aan die bekende vers uit Jesus se bergrede: "Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." Dit gaan daarvoor dat God self uiteindelik in sig kom en verheerlik word. Dat die lig van die wêreld, Jesus Christus, in sig kom en so ewige perspektiewe gebied word.

### **Wie is daartoe in staat?**

As jy jou deur jou sondige vlees laat lei, as jy saai om jou sondige vlees te bevredig, dan sal jy dit nooit kan doen nie. As jy dink dat jy dit self kan presteer, dan sal dit verkeerd gaan. Dit is iets waarteen die hele brief aan die Galasiërs waarsku. Christus moet dit doen. In ons. Jy moet deur die Gees lewe. Jy moet 'n nuwe skepping in Christus Jesus wees. Glo jy dat Christus in jou woon? Dit is waaroor die geloof gaan. Geloof verenig jou met Christus.

Wat vir Christus geld, geld dan ook vir jou. Sy werke is dan jou werke. Dan kan jy saam met Galasiërs 2:20 sê: "Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het."

Ons is van nature geneig om goed te wees slegs vir hulle tot wie ons ons aangetrokke voel: ons familie, vriende, beminlike mense. Probeer egter eers om goed te wees vir iemand wat ondankbaar is. Tensy Christus in jou hart werk, sal dit jou nie geluk nie. Christus draai nie sy rug op die ondankbares nie. As Hy dit sou doen, sou jy vir ewig verlore wees. So sê Christus vir ons in Lukas 6:35-36: "Maar julle moet jul vyande liefhê en goed doen ... en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes. Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is."

Om goed te doen, is dus 'n saak van meer en meer soos God word, aan Christus gelykvormig word. Dis 'n saak van "Christus in jou." So 'n lewe het sy eie karakteristieke vrug, naamlik liefde met sy verskillende aspekte, waaronder goedheid.

Hoe kan jy dan daardie goedheid wys? Slegs deur geloof. Deur God se verbasende liefde vir jou, 'n verlore sondaar, aan te neem. Deur Christus se liefde in jou lewe te laat skyn. Deur die vergewing van jou sondes en die vernuwings van jou lewe te glo. Deur in

geloof te aanvaar dat jy 'n nuwe skepping is, geskape in Christus Jesus om goeie werke te doen.

### Waar moet jy dit wys?


In Galasiërs 6:10 lees ons: "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof." Die apostel wil dus hê dat ons aan almal goed doen, ongeag ras, nasionaliteit, klas, godsdiens of wat ook al.

Jesus Christus het vir mense uit alle stamme en volke en tale gesterwe, of hulle nou Jode of heidene is, Europeërs of Afrikane of wat ook al. Jesus Christus wil 'n seën vir die volke wees, vir alle soorte mense. Omdat dit so is, sê Paulus, mag jy nie die heidene in hul ellende los nie. Inteendeel, wys vir ander die liefde wat Christus vir jou gewys het. Wees 'n seën vir almal. Doen goed aan almal, of hulle ryk of arm is, beminlik of onbeminlik.

Paulus gee spesiale aandag aan die geloofsgenote. Jou eerste verantwoordelikheid is altyd teenoor hulle wat die naaste aan jou is. Neem die voorbeeld van ouers. Jy het as ouer 'n taak teenoor jou bure. Maar jou eerste verantwoordelikheid is teenoor jou kinders. So ook hier. Jou eerste verantwoordelikheid is teenoor die huisgenote van die geloof, jou geloofsgenote. Stel dat jy in die breër gemeenskap baie goed doen, terwyl jy jou eie gesin of die kerkgesin sou ignoreer en verwaarloos. Dit sou jou Christelike getuienis sterk ondermyn.

Om aan almal goed te doen, begin dus by die huis. By jou huisgenote, by jou ouers, broers

of susters, by jou man of vrou. Wat doen jy vir hulle wat die naaste aan jou is? Daar is baie klein dingetjies wat 'n mens by die huis kan doen om jou ouers of lewensmaat bly te maak. Die beste opvoeding is deur voorbeeld. As ons ons kinders wil oefen om goed te doen – en hulle moet daarin geoefen word, dit kom nie vanself nie – dan moet



ons 'n voorbeeld vir hulle wees. Hoeveel seuns en dogters het die voorreg om te sien dat hul pa en ma werklik vir mekaar klaarstaan om mekaar in liefde te dien? Ek besef dat dit soms makliker of meer bevredigend kan wees om op ander plekke te help as in jou eie huis. Maar moenie vergeet nie dat liefde, goedheid en behulpsaamheid by die huis begin. En onthou ook: egte goedheid kyk nie na die waardering wat jy van mense ontvang nie. Dit kyk net na God en ontvang sy goedkeuring. So ontvang jy die krag wat nodig is om aan te gaan.

Watter ander geleenthede het jy om goed te doen? Dit sal van persoon tot persoon verskil. Beskou jou gawes, jou talente,

jou werk en jou omstandighede as 'n spesiale erfdeel wat God aan jou toevertrou het om ander daarmee te dien. Die meeste geleenthede om goed te doen, kom na ons toe op ons normale daaglikse lewenspad. Moenie die uitsonderlike dinge soek nie of dinge wat ons veral as geestelik beskou nie. Elkeen het wel die geleentheid om byvoorbeeld 'n

bemoedigend woord te spreek, om 'n klein daad te verrig wat 'n straal van lig en hoop in die lewe van ander gee.

Dalk is een van die mees voor-die-hand-liggende areas waar jy goeie werke kan doen, jou daaglikse werk. Beskou jou beroep daarom nie as 'n noodsaaklik kwaad om die rekenings te kan betaal nie, of as 'n geleentheid om ryk te word nie. Nee, beskou eerder jou beroep as 'n geleentheid om die goeie dinge te doen wat God vir jou beplan het. Wees diensbaar vir ander

mense. Wys dat jy nie net beoog om geld te maak nie. Wees 'n goeie Christelike vakman of sakeman. Gee mense waarde vir hul geld, ook vir die loon wat hulle jou moet betaal. Lewer goeie produkte en goeie dienste. Toon opregte belangstelling in mense rondom jou, in jou kliënte of werknemers. Behandel hulle goed en billik. Spreek 'n bemoedigend woord waar moontlik. Wat 'n verskil kan sulke dinge nie maak nie in ons selfsugtige samelewing!

**Ds Kees Kleijn** is predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.

# KERKNUUS

## Kerknuus

**SUID-AFRIKA** - korrespondent : Ds Pieter Boon

Op 21 November 2010 is **br. Carl van Wyk** bevestig as sendeling vir die sendingspunt **Wesbank** op die Kaapse Vlakte. Ons wens sowel ds. Van Wyk en sy gesin as die jong gemeente in Wesbank baie vrugbare jare saam toe, onder die Here se seën.



Ook die gemeente in **Bethal** het die afgelope tyd 'n aantal veranderings meegemaak. In die eerste plek het ds. Eugene Viljoen en sy gesin weer terugverhuis Kaap toe, nadat hulle vir 'n jaar lank hulpdienste daar verrig het. In die tweede plek het ds. Hannes Breytenbach hom met sy gesin in Bethal kom vestig, nadat hulle verlede jaar die beroep daarnatoe aangeneem het. Dit was nie 'n maklike afskeid nie, na soveel jare sendingwerk op die Kaapse Vlakte. Ek haal enkele fragmente aan uit die toesprake tydens hulle afskeid in Belhar:



Afskeid ds Hannes en sr Marietjie Breytenbach en gesin in die Kaap

**Totsiens dr Hannes & sr Marietjie Breytenbach**  
"Dr Hannes het die beroep na Bethal aanvaar en dit bring heelwat implikasies mee, o.a. dat ons as gemeentes van die Kaap vir hom en sy gesin totsiens moet sê. Gelukkig gaan hulle nie land uit nie en is daar kans dat ons nog baie van hulle mag sien en sekerlik nog baie van hulle gaan hoor. Hulle het diep spore hier in die Kaap uitgetrap wat beslis nie sommer of ooit uitgevee sal word nie.

*S. Marietjie was altyd nou betrokke by die werk van haar man en dit d.m.v. Sondagskool, voorsanger tydens die eredienste en nog vele take wat so ongesiens verbygegaan het. Ook in die Bellville-gemeente was sy nou betrokke deur musiek en later as voltydse onderwyseres aan die Gereformeerde Laerskool. Dr Hannes het sy kragte ingesit vir die sendingwerk, wat ook nie altyd 'n maklike taak was nie. Met sy insette het die Bybelskool van die grond gekom wat ook sy vrugte afgewerp het. Dankbaar mag ons bekend maak dat di. Peter Abrahams en Carl van Wyk met die werk sal voortgaan. Die Here het die gemeente van Kaapstad asook die gemeentes op die Kaapse Vlakte geseën, waarvoor ons baie dankbaar is, en so ook ons dank aan die Breytenbachs. Mag die Here u en u gesin help en dra in die nuwe gemeente waar u nou as herder en leraar mag gaan werk."*

*Dr Hannes: "Dit was aangenaam om vir byna 14 jaar in die midde van die VGK Kaapstad te vertoef. Ons gaan moeilik weg uit die gemeentes (deur die jare het al vier gemeentes ons "tuiste" geword). Bethal is geografies gesien soos 'n ander land. Ons verlaat die Kaap nie omdat ons moeg is vir die see, die Suidooster en die winterreëns nie – maar omdat die Here ons Bethal toe stuur. Daarom sien ons daarna uit om te gaan, en wil ons graag in vertroue op die Here daar begin werk."*

*Marietjie: "Die Kaap is my geboortegrond. Hier het ek my eerste treë gegee en hier het ons nou al vanaf 1987 in die Weskaap gebly. Die Kaap is in my bloed. My ouers het ook hier kom aftree in die Strand en het al 'n hoë ouderdom bereik. Om hier weg te gaan, is vir my baie swaar. Ek gaan Tafelberg en die Bolandse berge baie mis. Ek is egter lief vir die platteland en glo dat ons gou sal inpas en aanpas in Bethal."*

**NEDERLAND** - korrespondent : Ds Axel Hagg



Allereers 'n geseënde nuwejaar toegewens vir u as lesers van *Kompas*. Mag die Here julle en al die gemeentes daar in Suid-Afrika met Sy trou en liefde omring.

Die hele Desembermaand was dit baie koud hier en dit het by ons in Eemdijk lekker gesneeu. Tog was dit ook die besigste tyd van die jaar: Sinterklaas, Kersfees en Nuwejaarsdag is regtig woelige dae. Gelukkig gaan dit nou ietwat rustiger. Die skole het twee weke vakansie gehad, maar vir die res het die kerklike lewe volstoom voortgegaan. Op kerklike gebied het daar baie gebeur, en daarom moet ek my in hierdie uitgawe beperk tot die belangrikste sake.

Sedert die laaste kerknuus in November 2010 was daar verskeie kerklike nuusberigte wat die aandag getrek het. Allereers was daar die besondere aanstellings van navorsers in "Kampen". Die TUK het vier teologiese navorsers aangestel. Volgens die rektor, prof. Mees te Velde, tree 'n 'nuwe generatie' teoloë aan. Tot 2017 gaan die helfte van die wetenskaplike personeel van die universiteit met emeritaat. Daarom is dit belangrik dat jong, gepromoveerde teoloë die geleentheid kry om navorsing te bly doen. Of hierdie navorsers die volgende professors in Kampen sal word, sal volgens Te Velde die tyd moet wys. Hierdie vier sg. 'postdoc'-navorsers is dr. Koert van Bekkum, huidige adjunk-hoofredakteur van die *Nederlands Dagblad*, dr. Hans Burger, GKv-predikant te Franeker, dr. Hans Schaeffer, GKv-predikant te Wageningen, en dr. Dolf te Velde, GKv-predikant te Pijnacker. Hulle gaan navorsing doen op die terrein van Ou Testament (Van Bekkum), Sistematiese Teologie (Burger en Te Velde) en Praktiese Teologie (Schaeffer). Die benoemings geld vir die volgende drie jaar.

Verder was daar ook 'n opvallende uitspraak deur prof Te Velde tydens die 156ste verjaarsdag van die universiteit. Hij het voorgestel dat die TUK en die TUA (Teologiese Universiteit in Apeldoorn van die Christeljk Geref Kerke) hul baccalaureus- en meestersgrade moet kombineer. Die laaste paar jaar het "Kampen" al laat blyk dat sy intensiewer met "Apeldoorn" wil saamwerk. Van die kant van "Apeldoorn" is daar egter minder gretigheid. Die huidige samewerking op die gebied van navorsing is volgens Apeldoorn voorlopig voelende. Die rektor, prof Gerard den Hertog, pleit vir terughoudendheid op hierdie gebied.

Tydens die 156ste verjaarsdag het prof. dr Stefan Paas, dosent Missiologie by die TUK, ook 'n lesing gehou. Daarin dui hy aan dat die gereformeerde kerke in Nederland eintlik 'nou eers werklik in aanraking kom met die krisis van die sekularisasie in die Weste'. 'n Nuwe missionêre leer oor die kerk moet hiermee rekening hou. Volgens hom verskuif die swaartepunt van die geloofslwe steeds meer weg van die kollektiewe na die persoonlike "pelgrimsreis". En daarby tree die kerk slegs as

fasiliteerder op. Iemand gaan daarom net kerk toe omdat hy/sy wil, en solank die kerk maar bied waarna hy/sy op soek is. Kerkbesoek is dus 'n opsionele saak. Verder is die Sondag 'n koopdag en 'n dag vir uitgaan.

Dit is ook te sien in die tweede erediens op Sondag. Dit word gereeld deur predikante geopper dat die tweede diens nie meer bygewoon word nie. Veral tydens Kers- en Paasaweke. Dan is daar alreeds 'n ekstra Kers/Paas-erediens, waarna mense op die Sondag nie meer twee keer wil kom nie. Twee gemeentes het daarom besluit om die tweede diens op die Sondag na Kersdag af te stel. Toe dit bekend gemaak is, het dit natuurlik vir die nodige diskussie in die *Nederlands Dagblad* gesorg. Tog is meerdere gemeentes nou al besig om te kyk of hulle die tweede erediens nie anders kan invul nie. Sommige het begin met leerdienste, ander met musiek- en sangdienste, en een gemeente het selfs met 'n 'stiltediens' begin (slegs gebed en meditasie). Bybelgesprekskringe i.p.v. 'n erediens word ook deur verskillende 'kenners' aanbeveel. Vir ander gemeentes lyk die opsie van 'twee-eredienste-in-een' ook 'n moontlikheid. Toe die *Nederlands Dagblad* hierdie neiging in die kerke ondersoek het, het geblyk dat 'n groot deel van die GKv-predikant nie werklik hieroor bekommerd is nie. Want ook al kom mense minder kerk kerk toe, is die algemene betrokkenheid in die gemeente (veral deur die week) baie beter as vroeër.

T.o.v. hierdie onderwerp, en ook t.o.v. kerk-wees in die 21ste eeu, het ene proponent David Heek ook vir baie opskudding in die kerke in sentraal-Nederland gesorg. Sy preke was so kontroversieel en konfronterend dat sy preekbevoegdheid nie deur die klassis verleng is nie. Op sy eie webtuiste lewer hy baie kritiek op die volgens hom 'gedateerde' vorme van kerk-wees in die GKv. Opvallend is dat hierdie soort diskussies deesdae nie meer deur predikante in *De Reformatie* gevoer word nie, maar op kerklike webtuistes op die internet. Soos in die res van Nederland gebeur, word alles gedigitaliseer. Omtrent niks in Nederland is meer moontlik sonder die internet nie. En dis ook baie duidelik in die kerke sigbaar. Die individualisering vloei deur na alle vlakke van gemeente-wees. Webtuistes soos *Twitter* (veral met *Smartphones*) is vir baie (kerk)mense hier in Nederland die hoofmedium van kommunikasie. Veral gedurende die week, maar op Sondag nie veel minder nie.

'n Ander effek van die sekularisasie in Nederland, veral in die stede en groter dorpe, is dat gemeentes van verskillende agtergronde saamgaan om sterker te staan. Dis geen nuwe verskynsel nie. Wel het dit opgeval toe twee Christeljk Gereformeerde kerke,

die gemeentes van die Pniël-kerk en die Rehoboth-kerk, begin saamgaan met die GKv-gemeente "De Schuilhofkerk" in Hilversum. Katkisasies word al twee jaar lank saam gegee. Verlede jaar het die belydeniskatgisante van al drie die kerke saam belydenis gedoen. Ook vind kanselruil plaas. En na 2013 wil die kerke saam nuwe (moontlik multikulturele) kerke in Hilversum-Noord stig. Daar verrys 'n hele nuwe woonbuurt, voorlopig sonder kerke.

Ook vind binnekort weer 'n GKv-sinode plaas. In verband daarmee solank 'n opvallende uitspraak deur die algemene diakonale deputaatskap: 'Daar is geen Bybelse beswaar teen vroulike diakens nie, mits die diaken-amp losgemaak word van "regeertake" in die kerk.' Word vervolgt...

En dan ten slotte vir geïnteresseerdes: Op 12 Januarie het die teoloog Adriaan van Klinken sy doktorsgraad aan die Universiteit van Utrecht behaal met sy proefskrif waarin hy die verskille in visie tussen kerke en teoloë op HIV/VIGS en geslag in Suidelike Afrika bespreek. Op die vraag: 'Wat help beter teen VIGS: gelykheid of verantwoordelike gesinshoofpatriargaat?' probeer hy 'n Bybelse antwoord vind. Klink vir my na 'n baie interessante proefskrif om te lees, gesien die situasie van die kerke in Suid-Afrika.

## DIE BERG van GOD

### Venster op die Bybel


Mense wat al in die somermaande in die Rustenburg-omgewing gekamp het, sal weet van die skrikwekkende donderstorms wat daar voorkom. Ons het in Januarie daar uitgekamp. As die swaar weer bo jou tent losbars, voel jy maar klein onder die dun seiltjie wat jou moet beskerm. Die weer was besonder swaar en die reën soos wolkbreuke. Daar word beweer dat dit die yster in die Rustenburgse berge is wat die blitse aanlok. Of dalk die minerale wat daar gemyn word: platina, chroom, tin, lood en graniet?

Dit was onder dié omstandighede, terwyl die donderslae die nagtelike rus oorheers het, dat dit my laat dink het aan die Sinai-gebeure. Sekerlik moes dit net so indrukwekkend gewees het. In Exodus 19 lees ons van 'n swaar wolk op die berg, donderslae en blitse. Die hele berg het gerook met vuur wat daarop neergedaal het. Daar was 'n deurdringende geluid soos van 'n baie sterk basuin. Die berg het vreeslik gebewe.

Onder dié omstandighede het die HERE sy belofte aan Moses vervul (Ex. 3:12). Op dieselfde plek het die HERE in 'n vuurvlam uit die doringbos aan Moses verskyn: "As jy die volk uit Egipteland gelei het, sal julle op hierdie berg God dien". Die berg van God.


Dit is interessant dat wat vandag beskou word as die Sinai-berg, deel vorm van die huidige Egipte. Dis geleë in die suidelike bergagtige deel van die Sinai-

skiereiland wat aan die oorkant van die Suez- kanaal, die Golf van Suez en die noordelike deel van die Rooi See (ook Skelfsee genoem) gevind word, met die Golf van Akaba aan die oostelike kant.



Die naam Sinai is waarskynlik afgelei van die Sumeriese maangod Nanna wat deur die Babiloniërs Sin genoem is. Die naam Horeb word ook gebruik, wat weer afkomstig is van die Hebreeus, wat 'Berg van God' of ook 'droogte' of 'dorheid' beteken. Vandag staan dit bekend as die Djebel Moesa wat die Arabies is vir 'Berg van Moses'. Vir sowel die Jode,

die Christene en die Moslems is die Sinai-berg van betekenis. As sodanig is dit in 2002 deur UNESCO gelys as wêreld-erfenisgebied.



Die Sinai is ook bekend vir die Codex Sinaiticus wat in die bekende Sint Katharina-klooster aan die voet van die berg gevind is. Met die verwoesting van die kerke in Noord-Afrika was dié klooster moontlik een van die vlugtelingoorde. In 1859 is daar kosbare manuskripte van dele van die Ou Testament, die volledige Nuwe Testament en sommige van die Apokriewe boeke gevind. Dit was van die oudste afskrifte van die Bybel wat dateer uit die vierde eeu n.C., waarskynlik deur Eusebius (biskop van Cesarea) gekopieer in opdrag van keiser Konstantyn.

By die Sinai vind die verbondsluiting plaas: julle sal my eiendom wees (Ex. 19). Die voorgeskiedenis tot die Wet gee 'n duidelike prentjie van die konteks waarin die Wet afgekondig word. Wanneer God spreek, bring Hy die natuur in beweging. Dink maar aan die verbond met Abraham: 'n rokende oond en vurige fakkels wat tussen die verdeelde offers deurbeweeg. Of swawel en vuur uit die hemel wat

Sodom en Gomorra omgekeer het. En vuur uit die rots wat die offer van Gideon verteer het. So ook met Elia as hy na 'n staptog van veertig dae en nagte aankom by die einste berg van God (1 Kon. 19:8). Dan kondig die HERE sy koms aan met 'n stormwind, aardbewing en vuur. En as Christus aan die kruis sterf: duisternis en aardbewing (Matt. 27), wat weer herinner aan die Sinai-gebeure. En so weer op die jongste dag: en daar het weerligte en donderslae uit die troon uitgegaan (Openb. 4, 6, 8, 10, 11, 14 en 16). Jahweh bly die God van die Sinai-verskyning.

Die HERE is 'n verterende vuur. En tog het dit die volk nie verteer nie. So heilig en skrikwekkend as wat Hy is, so is Hy ook die genadige God wat in liefde tot sy volk kom. Soos die brandende doringbos met die eerste verskyning van die Engel van die HERE op die berg Horeb aan Moses: maar die doringbos het nie verteer nie (Ex. 3). Soos die vuurkolom: om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek (Ex. 13).

As ons so by geleentheid met natuurmanifestasies of katastrofes gekonfronteer word, is dit goed om te weet dat die HERE geen natuurgod is nie. Hy staan bo die natuur. Hy beheers die skepping. Hy kan die natuurverskynsels oproep om Hom te dien by sy openbaring aan die mens. Hy gebruik dit as 'n waarskuwing om ons te oortuig van sy ewige krag en onsigbare mag: om alle verontskuldiging weg te neem (NGB Art. 2).

“Uit die hemel het Hy jou sy stem laat hoor om jou te onderrig; en op die aarde het Hy jou sy groot vuur laat sien, en jy het sy woorde uit die vuur gehoor” (Deut 4:36).

#### ***Douwe Drijfhout***

Sperdatum vir die Maart-uitgawe van *Kompas*:

15 Februarie 2011

# Die DOOP se RYKDOM ONS ARMOEDE?

## Leer & Lewe

Soms moet 'n mens vereenvoudig ter wille van duidelikheid. Doen jy dit nie, dan bly ingewikkelde begrippe ontoeganklik vir die leek.

In sekere sin het die doop ook die slagoffer geword van vereenvoudiging. Jode en heidene het hul na die uitstorting van die Heilige Gees bekeer en laat doop, en hierdie feit bepaal vandag talle mense se doopbegrip. Wat die Bybel verder oor die doop sê, word tersyde geskuif.

Natuurlik lê daar in so 'n eenvoudige doopsiening baie krag. Dit is eenvoudig om te verduidelik en maklik om konsekwent toe te pas. Bowendien maak dit intensiewe Skrifstudie oorbodig. Ons moet toegee dat ons gou verleë raak teenoor sulke sterk, eenvoudige argumente. Is die hele Evangelie dan nie in wese eenvoudig nie? Kompliseer ons sake dalk onnodig? En is dit werklik nodig om op 'n eenvoudige vraag 'n ingewikkelde antwoord te formuleer?



Teen hierdie agtergrond is dit nuttig om verder na te dink oor wat die Skrif ons leer oor die doop. Want die Skrif self ken geen eenvoudige doopbegrip nie – dit gee ons nie eens 'n duidelike definisie van die doop nie. Dit gee ons hoogstens verskillende betekenis van die doop wat met oppervlakkige lesing selfs sonder

verband lyk te wees. En tog kan ons 'n eenvoudige belydenis oor die doop na ander laat uitgaan – as ons tenminste die verband tussen die verskillende aspekte van die doop verstaan en dit alles kan sien in een omvattende raamwerk.

Miskien is dit sinvol om die doop te vergelyk met 'n geslypte diamant. Elke geslypte vlak het sy eie vorm, skittering en bekoring, en vanuit elke hoek sien ons nuwe skoonheid. Tog kan daardie skoonheid nie van die diamant losgemaak word. Sonder die optiese eienskappe van die diamant kan geen van die vlakke skitter nie.

Dieselfde geld van die doop. Dit kom in die Skrif na ons toe met vele betekenis (die vlakke), en elke betekenis is ryk (dit skitter), maar dit verkondig en verseël uiteindelik tog een en dieselfde saak (die diamant).

Die eerste betekenis het die vorige keer aandag gekry – die doop dui op ons **wassing** van sondes deur die bloed van Christus en die **vergifnis** wat ons sodoende ontvang het. Hiervan lees ons onder andere in Handeling 22:16; 1 Korinthiërs 6:11; Efesiërs 5:25-26 en Hebreërs 10:22.

Maar God verwyder nie alleen die vuilheid van die sonde nie, Hy wil ook dat ons voortaan **rein lewe**. En dit kan ons alleen doen deur die geskenk van **die Heilige Gees**.

Ook daarop dui die doop – vgl. Handeling 2:38, 19:1-6; 1 Korinthiërs 12:13.

Tog is die doop nie maar net 'n persoonlike aangeleentheid nie. Deur die doop word ons deel van die kring van die dissipels (Matt. 28:19), lid van die een liggaam van Christus (1 Kor. 12:13a). Die doop is dus ook die **openbare inlywing in die gemeente, die liggaam van Christus**.

Hierdie inlywing in sy gemeente moet ons weer onderskei van die **gemeenskap met Christus** waarvan Paulus in Romeine 6 getuig. Paulus sê dat almal wat in Christus se dood gedoop is, met Hom begrawe is en met Hom opgestaan het. Dit dui op ons posisie voor God. Toe Christus sterf, is die sonde se heerskappy oor ons lewe ook gedood. Ons sondige lewe is saam met Hom gekruisig. En toe Hy opstaan, het Hy vir ons 'n nuwe, ewige lewe verwerf. Ons het dus saam met Hom gesterf en weer saam met Hom opgestaan.

In Kolossense 2 en 3 vind ons 'n soortgelyke verduideliking: deur die doop het ons deel aan Christus se dood – Paulus noem hierdie doop *Christus se besnydenis* (2:11). Maar ons is ook saam met Christus opgewek (3:1).

Die laaste kenmerk van die doop is dat dit dui op ons **insluiting in die verbond**. Dit leer Paulus ons in Galasiërs 3:27-29. Deurdat ons in Christus gedoop is, behoort ons aan Christus (is ons **Sy eiendom**), en almal wat aan Christus behoort, *is die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename*.

Daar is dus geen aspek van die heil wat nie deur die doop afgebeeld word nie! Die doop getuig van ons totale verlossing: vergewing van sondes, 'n nuwe



rein lewe onder die heerskappy van Christus deur die Gees, en 'n ewige toekoms saam met God omdat die dood oorwin is.

## Die doop getuig van ons totale verlossing

Al hierdie beloftes is verseël in die verbond, waarin ons deur die doop opgeneem is. In hierdie lig verstaan ons ook die instellingswoorde uit Mattheüs 28:19 – ons is gedoop in die Vader, wat sy Seun vir ons gestuur het om vir ons te ly, die Seun wat vir ons gesterf het en opgestaan het, en die Heilige Gees, die groot geskenk van die eindtyd.

Wat in al hierdie tekste soos 'n paal bo water staan, is dat die doop getuig *van die verlossingswerk van God*. Daar is geen sprake van 'n doop as 'n handeling waardeur mense hul geloof bely of van 'n soort religieuse ervaring nie. Net so min is die doop 'n vrye keuse wat die gelowige kan uitoefen as hy wil. Die doop is instrument in Góds se hande. Nêrens in die Nuwe Testament word daar dan ook aandag geskenk aan die *belewing* van die dopeling nie.

## Die doop is ook nie 'n uitdrukking van *ons* besluit om die Here aan te neem' nie

Teenoor die sektes kan ons dus baie duidelik standpunt inneem oor die doop. Dit is God se opdrag dat gelowiges gedoop moet word en dit het niks met ons eie bewewing te doen nie. Dit is ook nie 'n uitdrukking van *ons* besluit om 'die Here aan te neem' nie, maar 'n bevestiging deur God van sy totale verlossingswerk in ons lewe.

Ons moet tegelyk ook waak teen misleiding van mense wat aan die

doop sêlf kragte wil toedig wat dit nie het nie. Dit vind ons nie net by die Roomse kerk nie, maar selfs by teoloë soos Adrio König, wie se boek "Stof jou doop af" deur hoogleraars van die NG Kerk en GKSA lof toegeswaai is. Want wat sê König? "Die manier waarop die Nuwe Testament oor die doop praat, skep die indruk dat daar in die doop iets gebeur, en nie dat die doop net na iets anders verwys, 'n teken van iets anders is, of ons van iets anders verseker nie. Nêrens in die Bybel lees ons iets soos: die doop verseker ons van..., of: die doop is 'n simbool van..., of: die doop beloof aan ons..., of: die doop bevestig hierdie of daardie belofte van God nie... Dit is in hierdie sin dat daar iets *gebeur* in die doop sodat die doop nie net 'n heenwysing of simbool of bevestiging van iets anders is nie." (bl. 32).

In feite is daar min verskil tussen die siening van die Roomse kerk – dat die doop 'n genademiddel is sodat die genade deur die doop in die kind se hart uitgestort word – en die siening van König wat die doop op dieselfde vlak plaas as die geloof: Ons kry deel aan die heil "deur die verkondiging (die prediking - AvdL), *die doop* en geloof" (bl. 32).

Oor hierdie saak is daar tydens die reformasie baie stryd gevoer. Dit sou buite die bestek van hierdie artikel wees om na al die argumente van die hervormers te gaan luister. Ons moet miskien volstaan met enkele Skrifverwysings. In Efesiërs 5:26 lees ons duidelik dat die gemeente gereinig is *met* die waterbad (d.w.s. die doop) *deur* die Woord. Die Grieks sê *in* die Woord, dus in Christus. Daar is dus nie werking deur die doop nie, maar alleen deur die Woord, wat in geloof aangeneem moet word. Dit strook met wat ons lees in 1 Petrus 1:23, waar die apostel sê

dat ons wedergebore is (en onthou die doop is die *bad* van die wedergeboorte - Titus 3:5) *deur die lewende Woord van God*.



Trouens, in die hele Romeine-brief lees ons niks anders nie. Ons is geregverdig op grond van die bloed van Christus, deur die geloof. En hierdie geloof is uit die gehoor (die Woordverkondiging). Tog is die doop nie *net* 'n teken nie. Dit is meer as dit. Dit is ook 'n seël. Want die doop kan nie losgemaak word van die Woord, die belofte van genade wat God ons toesê nie. As teken dui die doop daarop; as seël wil dit die Woord aan ons harte bevestig.

Gaan lees nou maar die kerk se belydenis (Sondag 25-27, NGB art 33,34) en ons doopsformulier. Hoe pragtig word al hierdie waarhede nie deur ons voorvaders verwoord nie. Ons is waarlik ryk in Christus, en van hierdie rykdom getuig die doop.

Dit is dan ook ons taak om meer van die doop te kan sê as net dat dit die teken en seël van die verbond is. Natuurlik is hierdie kerklike uitdrukking waar – maar ander het geen boodskap daaraan nie. Ons belydenis kry eers krag as ons die diamant van verskillende kante laat skitter. Dan skuif die fokus na die oorsprong van ons rykdom: ons verlossing *in Christus*.

**Addy van der Lugt**

# “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ...”

## Sending & Evangelisasie

“Evangelisasie”. Hoeveel keer het ons nie al dié woord gehoor nie? Vir party mense is dit ’n positiewe, motiverende woord. Vir ander skrik dié woord hulle dalk af. Party is passievol daaroor. Ander voel minder passievol of selfs afsydig daarteenoor, wil liever nie iets daarmee te make hê nie. Gee God ons ’n keuse in dié verband?



God gee op verskeie plekke in die Bybel aan ons die opdrag om te evangeliseer (Mark 13:10; Mark 16:15; Hand 16:10; ens.). Lees mooi: God gee ons nie ’n keuse of ons wil evangeliseer of nie. Nee, Hy gee ons ’n opdrag. “... Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes. En hy wat maai, ontvang loon en vergader vrug vir die ewige lewe, sodat die saaiers en die maaiers saam bly kan wees. Want hierin is die woord waar: Dit is een wat saai, en ’n ander wat maai. Ek het julle gestuur om te maai waar julle nie aan gewerk het nie. Ander het gewerk, en julle het in hulle arbeid ingegaan.” (Joh 4:35–38). En watter mooi werk is dit nie. Ons het die evangelie verniet van God gekry deur ons familie, vriende en medegelowiges, hoe kan ons dit dan nie in vreugde en met ywer aan ander skenk nie? Wie is die “ander”?

“En Hy (Jesus) het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en

verkondig die evangelie aan die ganse mensdom” (Mark. 16:15). Dit is ’n bekende vers vir die meeste van ons. Maar hoe baie van ons staan nog stil by die vers? Wat word bedoel met “die hele wêreld”? Is dit daar ver in die bosse van midde-Afrika, of in Suid-Amerika? Maak ons direkte omgewing, naamlik **huis, kerk, skool, werkplek, sportveld, ens.** nie deel uit van “die hele wêreld” nie? Baie van ons sit met die gedagte dat evangelisasie deur ’n sendeling of evangelis gedoen moet word. Hulle is opgelei om die tipe werk te doen. Maar is ons nie almal opgelei vir die werk nie? Die meeste van ons het die voorreg gehad om in ’n Christelike huis groot te word en ’n skool met gereformeerde norme en waardes by te woon. Elke Sondag word ons verder opgelei om goeie evangeliste te wees. Hoe groot is die skat wat God aan ons geskenk het! Ons besef net nie altyd wat ons het nie. Vir die meeste van ons was dit nog altyd daar, van geboorte af. Ons is so gewoond daaraan dat ons die geskenk nie meer altyd duidelik genoeg raaksien nie. God wil graag hê dat ons hierdie skat moet uitdra na die wêreld waarin ons leef, na die mense met wie ons gereeld in aanraking kom.

Ons taak om te evangeliseer begin in ons direkte omgewing. “Jesus het die twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in ’n stad van die Samaritane nie; maar gaan liever na die verlore

skape van die huis van Israel.” (Matt 10: 5-6). Daar tussen hulle eie mense moes die dissipels die Woord verkondig. Hoewel ons in ’n later tyd as die dissipels leef, bly die beginsel geldig. Ons moet ook vandag eerstens fokus op die mense in ons direkte omgewing, mense wat ons ken: mense by ons huis, skool, werkplek, sportveld, ens. As ons meer vertrouwd is daarmee om te evangeliseer, dan kan ons na “buite” beweeg, na mense wat ons dalk nie goed ken nie, of dalk vreemdelinge is vir ons. Ons doen dit egter nie uit eie krag nie. God gee ons die krag en wysheid om sy opdrag te uit te voer. “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterstes van die aarde” (Hand 1:8).



Nooit sal God ons los om alleen die evangelie te verkondig nie. Hy rus ons toe, gee ons riglyne en ondersteun ons; meer as wat ons ooit gedroom het om te ontvang. “En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word. En wanneer hulle jul weglei om julle oor te lewer, moenie julle vooraf kwel oor wat julle sal spreek nie, en moenie daarvoor dink nie; maar

wat julle in dié uur gegee word, dit moet julle spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees.” (Mark 13:10–11). “En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus.” (Fil 4:19). Maar terwyl God ons die gawes skenk, moet ons nie vergeet om ook onself toe te rus nie. Efesiërs 6 leer ons om ons wapenrusting aan te trek om staande te kan bly teen die liste en aanvalle van die duiwel. Een van die wapenrusting-onderdele is die skoene: “en as skoene aan julle voete die bereidwilligheid vir die evangelie van vrede” (Ef 6:15). Ja, deel van die stryd teen Satan sluit in om die evangelie aan almal te verkondig.

Sonder God sal selfs ons beste evangelisasie-aksies nutteloos wees. Dan is dit net aktivisme of werwing van siele. Dit maak God baie duidelik in 1 Korintiërs 3:6-9: “Ek (Paulus) het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei. So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei. Maar hy wat plant en hy wat natmaak, is een, maar elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang. Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle.”

Die opdrag om te evangeliseer is nie net vir individue gegee nie. God wil ook sy gemeente hierby inskakel. Dit is immers die kudde waar die bekeerde skape ’n tuiste moet vind. Vir dié roeping het die kerkrade onder andere die Evangelisasie-kommissie (EK) tot stand gebring. Die doel van die EK is saamgevat as volg (KO artikel 26):

1. Die gemeente moet op haar roeping t.o.v. evangelisasie gewys word;
2. Die gemeente moet vir hierdie roeping toegerus word;

3. Die kerkrade moet toesien dat die gemeente haar roeping vanuit die daargestelde doelstelling uitvoer, met die doelstelling as volg: “Die evangelisasie moet daarop gerig wees om hulle wat God nie ken nie of van Hom en sy diens vervreemd is, deur belydenis van die geloof volgens die Gereformeerde leer by die gemeente van Christus te voeg. Die kerkrade sal toesien dat daar vanuit hierdie doelstelling gewerk word.”

Die EK in Pretoria bestaan uit drie lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata en drie lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria. Daar is ook ’n kerkradevertegenwoordiger van beide gemeentes asook ’n raadgewende sendeling (aangestel deur die kerkrade) wat die EK op ’n *ad hoc*-basis bystaan met hul onderskeie take.



Verskeie aksies is tot sover deur die EK geloods. Dit sluit in die reël van sprekersaande om die gemeente sodoende toe te rus vir evangelisasie; die opstel en uitdeel van vakansie-pakkette (een of meer uitgesoekte preke op CD en papier wat gebruik kan word om jou buurman op die vakansieterrrein oor te nooi om saam erediens te hou op ’n Sondag); betrokkenheid by die Genadeplaas-projek asook die *Athletes for Christ*-projek;

versameling van ou Psalmboeke by gemeentes of persone wat dit nie meer gebruik nie om dit dan te versprei na gemeentes en persone wat dit wel wil gebruik, bv. sendingsgemeentes, inwoners by Genadeplaas, ens.; die totstandkoming van die Gasgesinprojek waar elke gesin in die gemeente ’n kans kry om gaste wat die eredienste bywoon, te nooi om na die diens by hulle te kom kuier.

Beplande projekte vir die komende tyd sluit in die Pasiënt-projek waar mense uit die gemeente pasiënte in hospitale gaan besoek en die pasiënte bemoedig met God se Woord; die maak van DVD’s met eredienste en ander Christelike beeldmateriaal wat dan onder andere by hospitale gespeel kan word; Bybelkursusse vir belangstellendes om onder andere hul evangelisasiekundigheid te verbeter.

Die EK wil graag deur middel van hul aksies die gemeentes en ander belangstellendes stimuleer en toerus om die wonderlike en lewensreddende evangelie van God aan ander te verkondig.

“Evangelism is not an event but a relational process, and God has gifted each of us to play a critical role in drawing men and women to Himself.”

’n Aanhaling uit die boek: “Going public with your faith”, geskryf deur WC Peel en W Larimore.

“Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ’n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.” (Rom 1:16)

**Frans Hagg** is lid van die Evangelisasie Kommissie van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria en Pretoria-Maranata.

# SKEPPING en EVOLUSIE

## Wetenskap & Tegnologie

Diegene van u wat *Die Kerkblad* lees, is sekerlik bewus van die debat oor skepping en evolusie wat weer opgevlam het. Prof PP Krüger, verbonde aan die Teologiese Skool van Noordwes-Universiteit (Potchefstroom), het in die Januarie 2010-uitgawe 'n artikel geskryf wat handel oor dit wat die gereformeerde belydenisgeskrifte oor God se skeppingswerk bely. In hierdie artikel bespreek hy 10 stellings en hul gevolge. Baie kort saamgevat handel dit oor die feit dat God alles (hemel en aarde) uit niks geskep het deur die Woord.

In reaksie hierop skryf proff Moraal en Reynecke 'n artikel genaamd: "Om in die skepping te glo... en evolusie te aanvaar" in die Julie 2010-uitgawe. Hulle kritiek is veral op die gevolgtrekking van die stelling dat God alles volgens hul eie soort en aard gemaak het, nl. dat die mens nie uit die dier voortkom nie en alle spesies nie na mekaar herlei kan word nie. Hulle is van mening dat hierdie gevolgtrekking meer sê as wat in die belydenisgeskrifte staan. Hierteenoor stel hulle dat ons as Christene gelyktydig in die skeppingsverhaal kan glo én die resultate van die natuurwetenskappe onbevange kan aanvaar. Let op die woordjie "aanvaar" – die skrywers besef terdeë dat wetenskaplike teorieë slegs teorieë bly en nie noodwendig 'n ware beeld van die werklikheid is nie.

Na hierdie artikel volg daar heelwat reaksies met aanhang aan beide kante. Ook op die internet verskyn baie artikels met kommentaar hieroor. Dit blyk dus dat die debat tussen skepping en evolusie nog springlewendig is.

Die vraag kan gestel word of dit weer nodig is om hierdie debat te voer. Dit word myns insiens baie duidelik beantwoord in 'n artikel van dr HG Stoker in die November 2010-uitgawe van *Die Kerkblad*. Hy stel dat die debat in wese nie oor geloof teenoor wetenskap gaan nie, maar oor twee wêreldbeskouings wat in stryd is met mekaar. Hy noem die volgende morele implikasies indien evolusie aanvaar sou word:

1. Die mens is 'n toevalligheid, wat dus inhou dat die mens 'n einde aan sy lewe kan maak as dinge nie vir hom sin maak nie. Daar is geen doel in die lewe nie.
2. Die mens is 'n produk van 'n vae, doellose proses en verlos van alle morele verpligtings en verantwoordelikhede.
3. Die swakkeres moet plek maak vir die sterkeres en alles en almal is op hulself aangewese vir oorlewing. Daar is 'n gewelddadige stryd met 'n selfsugtige ingesteldheid van individuele organismes om te oorleef.
4. Die huwelik is 'n dierlike proses van vervulling van eie behoeftes.
5. Alles eindig op aarde, daar is geen ewige lewe nie.

### Twee wêreldbeskouings

Ons wêreldbeskouing is ons uitkyk op die lewe wat die volgende vrae probeer beantwoord:

1. Oorsprong: Waar kom ons vandaan?
2. Identiteit: Wie is ons?
3. Doel: Hoekom is ons hier?
4. Waardes: Hoe moet ons leef?
5. Bestemming: Waarnatoe gaan ons?

Al hoe meer wetenskaplikes erken dat jou wêreldbeskouing 'n invloed het op die wetenskaplike werk wat jy doen, en dat daar nie eintlik iets soos neutrale wetenskap bestaan nie.

Soos hierbo genoem is die debat tussen skepping en evolusie 'n gevolg van die volgende twee wêreldbeskouings wat in stryd is met mekaar:

**God het alles goed geskape en hou alles in stand. Die mens is rentmeester van God en derhalwe verantwoordelik teenoor God.**

Teenoor:

**Alles het toevallig ontstaan, so ook die mens. Daar bestaan nie iets soos reg en verkeerd nie en daar is geen doel in die lewe nie.**



## Plek vir God?

Baie wetenskaplikes is besig om 'n model saam te stel wat probeer om alles in die heelal te beskryf, van molekulêre vlak tot sterrekunde. Die model word ook die "Theory of Everything" genoem. Die bekende kosmoloog Stephen Hawking sê die volgende hieroor:

However, if we discover a complete theory, it should in time be understandable... by everyone... Then we shall all... be able to take part in the discussion of why it is that we and the universe exist. If we find the answer to that, it would be the ultimate triumph of human reason – for then we should know the mind of God. <sup>1</sup>

As ons alles kan beskryf, kan ons alles beheer – en wie het dan nog vir God nodig? Alhoewel Hawking sê dat ons nog nie daar is nie, het hierdie uitspraak tog 'n groot invloed op ander. 'n Ander wetenskaplike sê:

**God is, and always has been, the next unknown thing. God'll continue to be the name we give to that which we do not know until we know everything. Then we will be God. <sup>2</sup>**

Dit kom dus daarop neer om soos God te kan wees. Dit herinner sterk aan wat ons in Genesis 3:4 en 5 lees: "*Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.*"

As ons nie vir God 'n plek in die wêreld wil gee nie, dan sal ons ons bes probeer om Hom weg te redeneer. Dan sal ons 'n wêreldbeskouing kies wat nie plek vir God toelaat nie. Ongelukkig is dit die groot meerderheid van wetenskaplikes se keuse, en baie wetenskaplikes en joernaliste skryf artikels vanuit hierdie wêreldbeskouing – meer as wat ons dalk besef (of wil besef).

## Nodig vir ons saligheid?

Is dit wat in Genesis 1 staan, wel deel van die heilsopenbaring van die Bybel? Is die skeppingsverhaal nie 'n produk uit die verlede wat vir mense van daardie tyd in die lig van hul wêreldbeeld verstaanbaar was, maar vir ons vandag eintlik nie meer relevant is nie? Maak dit dan nog saak om in

evolusie eerder as die skepping te glo? Raak dit nie tyd dat ons die belydenisgeskifte moet aanpas nie?

Die gevaar van bogenoemde vrae is: waar trek ons die lyn? As ons nie meer in Genesis 1 hoef te glo nie, dan hoef ons ook nie in die sondeval (Gen 3) te glo nie. As daar vrae oor die skepping is, dan sal daar sekerlik ook vrae oor die herskepping (wedergeboorte) wees. Kan ons dan nog enigiets van die Bybel glo?

'n Ander gevaar waarvoor ons moet oppas, is dat hoogsgeleerdes besluit watter dele van die Bybel ons hoef te glo en watter dele nie. Dit herinner sterk aan die middeleeue waar slegs hoogsgeleerdes die Bybel kon lees – en in effek besluit het wat die ongeletterdes moet glo en wat nie.

Nee, God se wysheid is anders as die wysheid van die wêreld (1 Kor 1:17-31). Hy het vir ons sy Woord geopenbaar, en deur sy Woord en Gees (Sondag 7 HK) kan ek glo!

## Intelligente Ontwerp

Evolusie word algemeen as 'n wetenskap aanvaar en word ook so in die skole as 'n wetenskap aangebied (of dit werklik so is, bly egter debatteerbaar). Daarenteen word die skepping nie as 'n wetenskap gesien nie, maar eerder as 'n geloof of filosofie. Om die skepping as 'n wetenskaplike dissipline terug in die wetenskapklas te kry, het 'n groepie mense aan die einde van die 20ste eeu begin met Intelligente Ontwerp (Intelligent Design). Die plan was om dit op gelyke voet met evolusie te hanteer, nl. slegs op grond van wetenskaplike feite, en derhalwe losgemaak van enige geloofsoortuigings. In kort stel Intelligente Ontwerp dat komplekse sisteme soos lewende wesens 'n Ontwerper nodig het en nie die gevolg van natuurlike seleksie is nie. Intelligente Ontwerp identifiseer egter nie die Ontwerper nie – dit stel slegs dat daar 'n Ontwerper (of ontwerpers) is.

Dit is juis op hierdie punt waar Intelligente Ontwerp ook doodgeloop het. In 'n hofspraak in Amerika het die hof beslis dat Intelligente Ontwerp ten nouste gekoppel is aan 'n geloof en dit derhalwe nie in 'n wetenskapklas aangebied kan word nie.


Ander kreasionistiese groepe steun ook nie almal noodwendig Intelligente Ontwerp nie. Die rede hiervoor is dat, aangesien die Bybel uitgelaat is, dit in feite daarop neerkom dat die Bybel verwerp word. Hulle roep dan ook mense op om weer terug na die Skrif te gaan, en vanuit die Skrif die skepping te bestudeer.

<sup>1</sup> SW Hawking, *A Brief History of Time*, New York: Bantam, 1988, p. 174.

<sup>2</sup> D Pinnock, *Blue Ice: Travels in Antarctica*, Cape Town: Double Storey, 2005, p.132.

## Geloof

Ons moet eerlik wees: daar is sekere wetenskaplike waarnemings wat inderdaad na evolusie toe wys en daar is dinge wat vanuit 'n skeppings-oogpunt baie moeilik is om te verklaar. Maar die omgekeerde is ook geldig: daar is baie wetenskaplike waarnemings vir skepping en daar is dinge wat vanuit 'n evolusie-oogpunt baie moeilik is om te verklaar. Afhangende van jou wêreldbeskouing en geloof gaan jy òf skepping òf evolusie aanvaar. Want op die einde van die dag gaan dit oor wat jy glo. Is daar plek vir God in jou wêreldbeskouing? Is daar plek vir God as Skepper van hemel en aarde in jou wêreldbeskouing?



die boek toon hulle aan dat, alhoewel dit geloof vra om Christenskap te aanvaar, dit in feite meer geloof vra om 'n ateïs te wees. Die boek behandel ook verdere vrae soos geloofwaardigheid van die Bybel, wie Jesus regtig was, en daar is 'n deel wat handel oor skepping teenoor evolusie. Hierdie boek is die moeite werd om te lees!

Ek sluit af met Artikel 1 van die Apostoliese geloofs-belydenis wat al eeue voor die evolusie-teorie opgestel is:

*Ek glo in God die Vader, die Skepper van hemel en aarde.*

*Johan Bijker is Elektroniese Ingenieur*

Norman L Geisler en Frank Turek het in 2004 'n interessante boek gepubliseer met die titel: *I don't have enough faith to be an atheist* (Crossway). In

# SOSIALE INTERNET-NETWERKE

## In Perspektief

Dalk is dit 'n bekende beeld in u gesin dat een van die groter kinders met volstreekte konsentrasie kommunikeer met sy/haar vriende op die internet. Dit wedywer dalk met die SMS'e wat rondkwetter op selfone as daar nie 'n rekenaar beskikbaar is nie. Desperaat kan ma's vir hulle kinders dan 'n SMS of 'n internetboodskap stuur om te laat weet dat die kos klaar is. Wel, as dit nou nog nie die geval is nie, kan dit dalk binnekort die geval word.

Sosiale Internet-Netwerke (SIN) raak al hoe meer in algemene gebruik om te kommunikeer met (ou of nuwe) vriende. Moet ons hieroor verontrus raak of is dit maar ontwikkelings in die moderne kommunikasie-tegnologie wat ons kan verwelkom?

### **Gebruik van SIN**

Volgens *Matieland*, die blad van die Universiteit van Stellenbosch (uitgawe van Somer 2010/11), gebruik na raming tot 90% van Stellenbosch se studente *Facebook*. Studente onderhou so hulle sosiale kontakte op die kampus en kommunikeer met mekaar en met die Studenteraad. *Facebook* is een van die gewildste Sosiale Internet-Netwerke in die wêreld en ook in Suid-Afrika (party mense vertaal dit in Afrikaans na "Kletsboek"). Ander SIN wat in die wêreld in gebruik is, is *MySpace*, *Twitter*, *Mxit*, *Hyves* (veral in Nederland), *LinkedIn* (gebruik vir besigheid) en *YouTube* (met videobeelde).

Maar *Facebook* is die grootste, met op die oomblik meer as 600

miljoen gebruikers, wat toeneem met ongeveer 200 miljoen gebruikers per jaar. Beslis 'n ontwikkeling om kennis van te neem, al is jy dalk nie 'n gebruiker of bekend met SIN nie.

Die president van die VSA, Barack Obama, het tydens sy verkiesings-kampanje in 2008 intensief gebruik gemaak van *Facebook*, SMS en *YouTube*. Baie mense beweer dat dit vir hom strategiese voordele opgelewer het. Ook ander politici, soos Jan Peter Balkenende en Geert Wilders in Nederland, het intensief en blykbaar suksesvol gebruik gemaak van *Hyves* tydens hul verkiesings-kampanjes gedurende 2010 (*Nederlands Dagblad* van 22 Mei 2010).

Die VSA-tydskrif *Time* het Mark Zuckerberg as Persoon van die Jaar vir 2010 gekies. Zuckerberg is die "uitvinder" en hoof-ontwikkelaar van *Facebook*. Die *Time*-uitgawe van 27 Desember 2010 / 3 Januarie 2011 wy 27 bladsye aan Zuckerberg en *Facebook*, terwyl daar nog meer inligting beskikbaar is op

[www.time.com/expandedpoy](http://www.time.com/expandedpoy) .

Ook *Wikipedia* gee 'n uitgebreide oorsig van die ontwikkeling van *Facebook* en van Mark Zuckerberg. Die feitelike inligting in hierdie artikel is deurgaans oorgeneem uit *Time*. Ek is nie self ingeskryf op 'n SIN nie en my beoordeling is dus as buitestaander.

### **Facebook**

Mark Zuckerberg het reeds as hoërskoolleerling tuis 'n rekenaar-netwerk saam met sy drie susters opgebou (hy het dit *ZuckNet* genoem). Toe hy in 2003 as eerstejaarstudent ingeskryf was by die Harvard Universiteit in Boston het hy, saam met drie mede-studente, in hul studente-koshuis begin met 'n sosiale netwerk wat hy *Thefacebook.com* genoem het. Dit het vinnig versprei na ander universiteite in die VSA, maar daarna ook na ander gebruikers (en Mark het gevolglik nie sy studie klaarge-maak nie).

*Facebook Inc* is nou 'n groot privaat maatskappy in Palo Alto, Californië. *Microsoft* het ook 'n beperkte aandeel daarin (1,3%). Op die oomblik is ongeveer 50% van alle Amerikaners ingeteken op *Facebook* en is 75% van *Facebook* se gebruikers buite die VSA. Voorwaar dus 'n indrukwekkende ontwikkeling in die sewe jare sedert sy ontstaan. *Facebook* is verban in lande soos China, Noord-Korea en Iran, omdat die

bewindhebbers in hierdie sosiale netwerke 'n bedreiging vir hulle staatsveiligheid sien. Ook sommige moslem-lande het *Facebook* verbied, omdat anti-islamitiese boodskappe daarop toegelaat word.



*Facebook* maak sy geld uit advertensies. Hulle kan al die intekenaars se profiele ontleed en gerigte bemerking doen vir sekere produkte. Hulle kan jou selfs inskakel om jou voorkeure by jou "vriende" aan te beveel (met die knoppie "I like it"). Op die ouderdom van 26 jaar is Mark nou een van die jongste (van die 400) VSA-dollar-miljardêrs. Blykbaar het hy en 16 ander VSA-miljardêrs soos Warren Buffet en Bill Gates besluit om tydens hul lewe die grootste deel van hul rykdom aan liefdadigheid te skenk.



### **Wat is SIN?**

Wat doen 'n SIN in vergelyking met e-pos? As jy 'n e-pos stuur, rig jy dit aan een of meer persone (dalk 'n groep), maar **jy** stuur dit en **jy** het beheer oor die inligting wat jy uitstuur: wat en na wie. In die geval van 'n sosiale netwerk meld jy jou gratis aan (by *Facebook* as jy ouer as 13 jaar is), jy kry 'n ID en dan sit jy jou persoonlike "profiel" op die SIN

(op *Facebook* moet jy jou werklike besonderhede verskaf). Dit sluit gewoonlik 'n foto in en 'n aantal persoonlike besonderhede (op *Facebook* ook jou geboortedatum). En dan sluit jy aan by 'n netwerk van "vriende" of begin 'n eie netwerk van vriende. As jy nie sekere inligting beperk nie (wat jy wel kan doen), kan almal sien en lees wie jy is en jy kan hulle op hoogte hou met wat jy doen, jou belewenisse, watter interessante goed jy raakgehoop het of jy kan antwoorde soek op bepaalde vrae.

Wat is so wonderlik aan SIN en *Facebook* dat dit so 'n opgang kon maak? Daar is waarskynlik 'n hele aantal redes. Aan die een kant leef mense meer as vroeër binne hulle eie wêreld, almal is aan die hardloop agter hul persoonlike sake en ideale aan. Dit is die geval in die gesin, waar die tradisionele daaglikse gesinsmaaltyd al hoe skaarser word. Maar ook in ander verbande funksioneer mense al hoe meer as

individue. Om goeie vriende in jou woonomgewing te maak en te hou, is nie maklik nie.

Dan kom daar hierdie **vriendskap-geleentheid** wat beskikbaar is op jou rekenaar. Nou kan jy in jou studeerkamer sit en gesels met vriende van oraloor.

Jy is nou (weer) deel van die wêreld. *Facebook* se beleid is om die eensame anti-sosiale wêreld daarbuite te verander in 'n vriendelike wêreld waar almal op 'n manier jou familie is. Daar kan jy werk en leef binne 'n netwerk met ander en hoef jy nooit meer eensaam te wees nie. Is dit nie wonderlik nie?

Die ander aspek wat hier van belang is, is **anonimiteit**. Dit is baie makliker om persoonlike en selfs intieme inligting te deel met 'n min of meer anonieme groep as wat dit is in 'n persoonlike of groeps gesprek, waar hulle jou ken. Jou ouderdom, geslag, ras, werk, huwelik, waar jy woon of skool toe gaan, speel nie meer 'n rol in jou sosiale kontakte nie. Almal op die SIN is gelyk en vooroordele bestaan nie.



### Beoordeling

Soos blyk uit bostaande, het die moderne kommunikasie-technologie en sosiale internet-netwerke inderdaad geweldige ingang gevind. Die feit dat dit so stormagtig gegroei het, is 'n duidelike aanduiding van die behoefte aan sosiale kontakte wat daar is by baie mense vanoor die hele wêreld. Is dit binne ons gesinne en gemeenskappe anders gesteld met die behoefte aan sosiale kontakte? Ek vertrou dit is. Maar ek kan my voorstel dat 'n student op kampus behoefte het aan kontakte met sy medestudente, sonder om steeds fisies saam iewers te kuier.

Dit is belangrik om by gebruik van SIN sekere persoonlike inligting **vertroulik** te hou, sodat die moontlikheid dat ander misbruik daarvan kan maak, beperk is. En werklike hart-tot-hart gesprekke sal 'n mens tog seker steeds in die vertroulikheid van persoonlike kontak wil hou. Veral waar emo-

sie betrokke is, kan die internet geen vervanging wees nie. Jy kan nie elektronies 'n arm om iemand se skouer sit of iemand se trane afvee nie. Dus is elektroniese sosiale kontakte armer as persoonlike sosiale kontakte. SIN kan en moet nie die uitsluitlike vorm van sosiale kontak wees nie.

Ek dink die grootste gevaar van SIN lê indirek in die anonimiteit daarvan. Wat vroeër as privaat en intiem beskou is, kan nou gedeel word met miljoene mense deur een handeling op jou sleutelbord. Die SIN-eienaars moedig jou ook aan om al jou persoonlike keuses en voorkeure met hulle (vir advertensiedoeleindes) en met ander te deel. *Facebook* se databasis is alreeds groter as dié van die VSA se nasionale speurdiens (die FBI). En dan is daar die **groepsdruk** van ander gebruikers wat hul persoonlike sake met jou deel. Dan kan jy tog nie agterbly om ook jou persoonlike of intieme sake met hulle te deel nie? Hulle slagspreuk is dat, as jy iets het om weg te steek, dit waarskynlik iets slegs is (dit word besonderlik deur *WikiLeaks* in praktyk gebring). Alle gewone goeie dinge kan jy mos met ander deel? Intimiteit verdwyn dus tot 'n mate.

Behalwe die gevaar van **verarming** van jou sosiale kontakte en die verspreiding van vertroulike inligting is daar ook die gevaar van **verslawing**. Baie mense kuier vir 'n groot deel van hulle tyd op 'n SIN. Gevolglik het baie werkgewers hul werknemers verbied om in werkstyd en/of op die werk se rekenaars aktief te wees op 'n SIN. Maar ook in jou eie tyd kan die gevaar groot wees dat jy te veel op 'n SIN kuier (dit kan natuurlik ook in werklikheid gebeur waar mense te veel rondkuier en hul ander take verwaarloos of afskeep). Sosiale kontakte

op 'n SIN kan baie vinnig groei en almal wil dalk jou mening ook hoor oor een of ander saak. En ook die speletjies wat jy daar kan speel, kan te veel van jou tyd in beslag neem. Veral **jongmense** wat nog leiding nodig het by die aanleer van tydsverdeling en verantwoordelikhede, kan hul huiswerk dalk maklik opsy skuif vir sosiale kuiers.

### Positiewe gebruik?

Soos ons kan sien aan die stormagtige opkoms van die elektroniese media (internet, e-pos, Google, Wikipedia, GPS, SIN, ens.), brei die toepassing van digitale tegnologie en kommunikasie teen 'n geweldige en onkeerbare spoed uit. Oor 'n dekade lag ons oor die simpel toepassings van nou, soos ons nou doen oor die tyd van briewe skryf en pos. Moet ons as Christene veral let op die gevare van nuwe ontwikkelings en op die kantlyn bly staan? Ek dink nie so nie. Daar is hoegenaamd niks in die skepping en in die ontwikkeling van wetenskap en tegnologie wat nie van God kom nie. Ons Skepper het ook hierdie moontlikhede vir ons gegee, om te gebruik tot Sy eer en tot welsyn van ons naaste. Ons moet, soos met alle skeppingsgawes, dit met verantwoordelikheid en 'n opbouwende gesindheid gebruik.



Ons maak met dankbaarheid gebruik van die internet om êrens ver weg na ons eie kerkdienste te luister, ons kerklike inligting is op die internet vir ander beskikbaar,



konkordansies en Bybelverklarings is op die internet beskikbaar, ons stuur e-posboodskappe om preekvoorsiening te reël, ons doen kerklike opbouwerk in Afrika deur die internet, ons soek die kerk se adres met GPS, ons klets ("chat") met ons familie oorsee, ens. Na verloop van tyd ontwikkel daar besliste positiewe aspekte van nuwe elektroniese ontwikkelings, al het dit "in die wêreld" ontstaan (vgl Gen 4:20-22). Ek kan nie onmiddellik positiewe aspekte raaksien van SIN en *Facebook* ("Kletsboek") nie, maar ek is taamlik seker dat

dit na verloop van tyd daar sal wees. Dalk sien iemand bv. goeie geleenthede om deur middel van SIN evangelisasie te doen. Ook hier geld: ondersoek alle dinge en behou die goeie. SIN sal ongetwyfeld al hoe meer deel word van ons sosiale strukture.

Maar as jy gesonde sosiale kontakte het, sou my advies wees om voorlopig weg te bly van SIN. As jy onvoldoende sosiale kontakte het, sou ek aanbeveel dat jy besin oor die oorsake daarvan en dalk raad vra by 'n vertroude persoon. Maar soek die oplossing

nie onmiddellik by SIN nie. As jy op die kampus woon of op hoërskool is, sou my advies wees om opletterend en krities te wees (soos studente behoort te wees) oor hoe jy SIN gebruik en watter inligting jy daarop kwytraak. Soos met enige medium is daar op sig niks verkeerd met die medium self nie, maar kan dit wel verkeerd gebruik (of uitgebuit) word deur sondige mense. Laat SIN jou nie tot sonde verlei nie.

**Hans Moes**

## Die VGK en die TWEEDE diens

### Reaksie

Die artikel van dr Hannes Breytenbach oor *Die aard en belang van die tweede diens as leerdiens* (*Kompas* 20/1) verwys.

Die eerste woorde het my wenkbroue laat lig:

"In die Vrye Gereformeerde Kerke word die tweede diens in die algemeen goed bygewoon."

My waarneming as sendingpredikant in Tshwane is anders. In Mamelodi en Nellmapius word net een diens gehou. In Soshanguve CC het ons die tweede diens gekanselleer. In Soshanguve GG en WW kom maar min lidmate smiddae kerk toe. In Soshanguve XX en F4 en in Akasia het hulle nog nie met 'n tweede diens begin nie.

In klassis Noord is daar dus 8 uit 10 VGK-gemeentes waar die tweede diens 'n probleem is. Daar is goeie redes hoekom dit nie daar werk nie. Maar dit gaan nou oor dr Hannes se waarneming. Ek hoop die

prentjie in klassis Suid is anders. Dalk gaan dit beter in Belhar en Bethal.

Ek stel voor om die eerste paragraaf as volg te herskryf:


"Die Vrye Gereformeerde Kerke sukkel met die tweede diens. Party gemeentes het 'n sterk tradisie en die lidmate kom gewillig kerk toe. Ander probeer hard om 'n goeie vorm te vind om die dag van die Here te vier. Nie net by ons is dit 'n probleem nie. Ook ander kerke van gereformeerde belydenis in ons land en daarbuite ... " ens.

Dr Breytenbach se artikel lewer waardevolle materiaal vir voortgaande gesprek.

**Ds Tjeerd de Boer** is sendeling in Soshanguve.

# BOEKENUUS

 NUWE BOEK:



## Tussen Hamer en Aambeeld Deel 3 - J W Meijer

“In hierdie boek, deel 3 van die reeks, word ’n oorsig gegee oor die moderne tyd. Dit is ’n baie wye veld en dit lyk asof hier nie by die oorspronklike uitgangspunt – dat ons keuse

van onderwerpe bepaal word deur wat van betekenis is vir die gereformeerde gelowige in Suid-Afrika – gehou word nie.

Maar gereformeerde gelowiges in Suid-Afrika leef nie op ’n eiland nie. Die globalisasie, wat ’n direkte uitvloeisel is van die ontwikkeling van die Westerse kultuur in die moderne tyd, gaan nie aan ons land en ons huise verby nie. Die oorvloed van inligting wat deur moderne kommunikasiemiddele beskikbaar gestel word, stroom ook ons huise en lewens binne. En dit is daarom vir ons van belang om die bronne en agtergronde daarvan te leer ken. Daar is baie sake wat “Christelik” genoem word, maar wat ’n suiwer humanistiese uiting is. Die moderne teologie is getuie daarvan. Maar ook die reaksie op die doodsheid in die kerke kan nie sommer positief waardeur word nie. Met alle goeie bedoelings staan die outonome mens by hierdie reaksie ook in die middelpunt. Die moderne tydsgees het sy tienduisende binne en buite die kerke verslaan. Hoewel daar in hierdie deel dus min sake met betrekking tot die ontwikkeling van die gereformeerde lewe ter sprake kom, is die inhoud wel deeglik van belang om die gees van die tyd te kan verstaan.


En dan is daar nog ’n tweede oorweging. In deel 4 is dit die bedoeling om aandag te gee aan die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. ’n Onderwerp wat hom byna heeltemal afspeel teen die agtergrond van wat in deel 3 ter sprake is. In verdere hoofstukke sal dus meermale na deel 3 verwys word.

Dit is uiteraard moontlik om nog baie meer oor hierdie tydperk en sy ontwikkelings te skryf. Daar is egter gepoog om die belangrikste hooflyne in die moderne tyd uit te sonder, sodat daar ondanks alle beperkings tog ’n verantwoorde totaalbeeld geskep word.” (Uit die voorwoord)

Publikasiedatum: Desember 2010 (R 130)

 NUWE BOEK:

## Die Trojaanse Perd in die NG Kerk – die kanker van evolusie en liberalisme




’n Groep besorgde lidmate en predikante is aan die woord. Hulle vertel van teologiese veranderings in die kerk en die ingrypende implikasies wat dit het op sake soos die **gesag en die gebruik van die Bybel**, homoseksualiteit, saambly en die huwelik.

Publikasiedatum: Desember 2010

(R 90)

 NUWE BOEK:




## • Van Seringboom tot Kerkgebou

In die 150-jarige bestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) is hierdie die eerste versamelde publikasie van die argitektoniese erfenis van die GKSA. Feitlik al die kerkgeboue van die GKSA word in hierdie publikasie omskryf. Daar is ook interessante beskrywings van ontbindende gemeentes en ’n spesiale bylae oor die sendingkerke. Hierdie publikasie is dus ’n unieke stukkie geskiedenis. Ons vertrou dat hierdie nie net ’n koffietafelboek sal wees nie, maar ook ’n reisgids.

Die boek bestaan uit 365 kleurbladsye, saamgebind met ’n harde buiteblad.

(R 310)

 NOU WEER BESKIKBAAR:



### **My tye is in u hand / Prof L Floor**

Wie in die aand van sy lewe terugkyk, sal met verwondering ontdek dat daar 'n hand was wat hom gelei het: soms langs skone heuwelrye (Ps 16), maar ook deur diep en donker dale (Ps

23). Altyd is die hand daar, want soos Dawid getuig: "My tye is in u hand" (Ps 31:15a). Dit is nie sonder rede dat die digter die meervoud "tye" gebruik nie. Met daardie woord word al die omstandighede van die lewe beskryf (Calvyn).

Wat 'n groot vreugde en wat 'n diepe dankbaarheid om te weet dat die heilige hand van God ons vashou wanneer ons dreig om te struikel, wat ons oprig wanneer ons geval het, wat ons weer nader trek wanneer ons van Hom af wegbeweeg het, wat ons by die bron van troos bring wanneer ons diep bedroef is. God is altyd daar, want ons lewe, ons tye is in sy heilige hand. Die Here se hand is in die Bybel 'n metafoer vir die Godsbestuur. Twee dinge is nodig. Ons moet leer om die hand van God in ons lewe raak te sien. Maar dan is dit ook van die aller grootste belang om onder daardie heilige hand te buig. Petrus roep ons op om dit te doen (1 Petr 5:6). Onder daardie kragtige hand vind ons rus, oorgawe, vrede en

vreugde. Dit is die hand van die Herder en Bewaarder (1 Pet. 2:25). Hierdie preekbundel wil van daardie heilige hand van God getuig.

In die preke word die leser opgeroep om ootmoedig in die geloof onder God se hand te buig, ook wanneer die Here ons daarmee slaan. Ons kan dit doen in die wete dat ons tye, ons hele lewe in sy hand is, deur Hom gelei word.

(R 70)



**FOLMER BOEKHANDEL**

Bogenoemde boeke is verkrygbaar / kan bestel word by:

#### **Folmer Boekhandel (Kaapstad)**

Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell 7560

Tel: 021 982 1402

E-pos: [eendenkooi@telkomsa.net](mailto:eendenkooi@telkomsa.net)

#### **Folmer Boekhandel (Pretoria)**

Laseandrallaan 115, Moregloed 0186

Tel/faks: 012 333 8064

E-pos: [folmerpta@telkomsa.net](mailto:folmerpta@telkomsa.net)

Petro Drijfhout

[folmerboek@telkomsa.net](mailto:folmerboek@telkomsa.net) Tel/faks: 012 543 3597

## **Redaksielid Gesoek**

Die Kompas is dringend op soek na iemand om op die redaksie te dien. Die persoon moet beskik oor goeie rekenaar vaardighede en moet toegang tot die Internet hê. Die persoon se take is soos volg:

- ~ Byhou of al die artikels ingekom het
- ~ Kommunikasie met die proeflees en bladuitleg span
- ~ Soek vir prentjies en kernsinne wat die bladuitleg van die Kompas meer interessant maak
- ~ Webwerf instandhouding
- ~ Bydraes lewer ten opsigte van Kompas uitgawes en artikels
- ~ Bywoning van Kompas redaksie vergaderings in Pretoria

Belangstellendes word versoek om die redaksie te kontak by:

[kompas@vgk.org.za](mailto:kompas@vgk.org.za)

**Stigting Woord en Wandel  
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)  
Berend Kamphuis  
Dr Gerard Hagg  
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 0127  
Faks 086 651 9719  
E-pos (stigting & administrasie):  
[kompas.admin@vgk.org.za](mailto:kompas.admin@vgk.org.za)

**Drukker:**

Printburo (telnr 012 335 9134)

**Redaksie:**

Prof Hans Boon (eindredakteur)  
Douwe Drijfhout  
Willemien Kleijn  
Irene van der Meer

**Subredakteurs:**

Leer & Lewe:

Douwe Drijfhout

Gesin & Opvoeding:

Petrie Eefting

Venster op die Bybel:

Ds Jopie van der Linden

Elders Gelees:

Ds Erik van Alten

Samelewing & Politiek:

Willie Spies

Wetenskap & Tegnologie:

Johan Bijker

Sending & Evangelisasie:

Irmarië Bosman

Kuns & Kultuur/Resensies:

Jenny Boon

In Pers-pektief:

Hans Moes

Onderhoude/Verslae:

Tanya de Vente-Bijker

**Redaksieadres:**

Laseandralaan 115  
Moregloed 0186  
e-pos : [kompas@vgk.org.za](mailto:kompas@vgk.org.za)

**Advertensies:**

Navrae by die Administrasie

**Elektroniese betalings:**

Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode : 16 03 45  
Reknr : 1603 031 820  
Vermeld asb u naam en lidnommer

**Intekengelde (per jaar):**

RSA per e-pos : R55  
RSA per hand : R110  
RSA per pos : R150  
Buiteland per e-pos : €10  
Buiteland per seepos : €30  
Buiteland per lugpos : €40

[www.kompas.vgk.org.za](http://www.kompas.vgk.org.za)

# ADVERTENSIES



**GORDONSBAAI - HOOGGENOEG**

3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met  
uitsig op see en berge.

Vir verdere inligting en besprekings  
kontak ons by:

[www.hooggenoeg.co.za](http://www.hooggenoeg.co.za)

[jettysalomons@telkomsa.net](mailto:jettysalomons@telkomsa.net)

082 320 6577 of 021 856 0736

Piet en Jetty Salomons



prokureurs • attorneys

**Prokureurs, Notarisse en  
Aktevervaardigers**

- Eiendomsreg
- Opstel van koopvooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of  
Johan Hurter  
Telefoon 012-664-0708  
of epos [willie@hurterspies.co.za](mailto:willie@hurterspies.co.za)

Koste vir die plasings van advertensies:

Vol bladsy :	R 480
Driekwart bladsy :	R 360
Twee-derde bladsy :	R 320
Halwe bladsy :	R 240
Een derde bladsy :	R 160
Een kwart bladsy :	R 120
Een agste bladsy :	R 60
Een sestiende bladsy :	R 30

Besoek gerus [www.vgk.co.za](http://www.vgk.co.za) vir meer inligting  
oor die vrye Gereformeerde Kerke.

